**Klein besigheid, groot toekoms: Wat gaan die ekonomie vir entrepreneurs doen?**

**Dr Armand Bam***

27 Junie is Internasionale KMMO-dag, ’n gebeurtenis wat bedoel is om die bydraes van klein besighede tot nasionale ekonomieë te erken.

In Suid-Afrika gaan hierdie dag, as ons eerlik met onsself wil wees, eintlik minder oor ’n viering en meer daaroor om harde en ongemaklike werklikhede te konfronteer. Ten spyte daarvan dat hulle herhaaldelik beskryf word as die ruggraat van ons ekonomie, word klein besighede steeds deur toestande in die gesig gestaar wat allesbehalwe ondersteunend is. Die teenstrydigheid tussen beleidsretoriek en geleefde werklikheid is skril.

Daar word van klein, medium en mikro-ondernemings verwag om die las van werkskepping te dra in ’n land waar die uitgebreide werkloosheidskoers bo 43% wankel, en jeugwerkloosheid 46% oorskry.

Kom ons stry nie oor definisies nie – maar hierdie syfers is nie bloot datapunte nie, hulle weerspieël ’n gebroke belofte van ’n beter lewe vir almal. Hulle lê ’n ekonomiese stelsel bloot wat meer deure sluit as wat dit oopmaak, veral vir diegene wat probeer om besighede van die grond af op te bou. Oor die land heen voer kleinbesigheidseienaars ’n daaglikse stryd om te navigeer te midde van onbetroubare elektrisiteit, vervallende infrastruktuur, stadige betalings van staatsinstellings, beperkte toegang tot finansiering en ’n beleidsomgewing wat te dikwels performatief is.

In teorie beloon ons markekonomie innovasie en risikoneming. In die praktyk beloon dit ampsbekleërs en oorgeërfde voordele. Markte ontwerp nie hulself nie. Hulle weerspieël besluite, wie die reëls opstel, wie daarby baat vind en wie uitgesluit word. In Suid-Afrika behandel ons die ekonomie steeds asof dit neutraal is, asof dit onaangeraak is deur die verlede. Maar die ekonomiese terrein is ongelyk, gevorm deur generasies van uitsluiting. Klein besighede word aangesê om mee te ding, om te innoveer, om werkloosheid te absorbeer, terwyl hulle die las dra van sistemiese disfunksie wat hulle nie geskep het nie.

Die staat, hoewel welmenend in beleidsdokumente, onderpresteer dikwels waar dit die belangrikste is. Implementering. Rompslomp word verminder in toesprake, nie in

werklikheid nie. Ondersteuningskemas word aangekondig, maar die lewering is gebrekkig. Entrepreneurs bestee meer tyd aan die navigering van burokrasie as aan die groei van hul besighede. Planne soos die Nasionale Ontwikkelingsplan en kleinsake-ontwikkelingsfondse lyk goed op papier, maar die werklikheid is dat dit buite bereik bly vir die meeste, veral diegene in landelike en township-gemeenskappe.

Hierdie mislukking is nie net administratief nie. Dit is eties. Aan die hart daarvan word ’n vraag oor regverdigheid gestel. Ontvang hierdie besigheidseienaars ’n opbrengs wat ooreenstem met wat hulle insit? Vir baie is die antwoord nee. Hulle belê kapitaal wat hulle nouliks kan bekostig, werk onvermoeid, en word steeds deur hindernisse in die gesig gestaar wat niks met harde werk of talent te doen het nie. Paaie is stukkend, elektrisiteit onbetroubaar, en regeringsinstellings dikwels ontegemoetkomend. Die speelveld is nie net skeefgetrek nie, dit is aktief teen hulle opgestapel.

Terselfdertyd bly groot besighede funksioneer asof geïsoleer van hierdie realiteite. Hul voorsieningskettings bly eksklusief; hul transformasieverbintenisse word dikwels gereduseer tot afmerk-oefeninge. Verskafferontwikkeling word hanteer as ’n verpligting, nie ’n geleentheid nie. Terwyl verkrygingsraamwerke in naam klein besighede insluit, vloei die werklike waarde dikwels na dieselfde paar spelers. Te veel korporasies verwar nakoming met bydrae, en mentorskap met betekenisvolle insluiting.

Ons moet moeiliker vrae vra oor wie mag in ons ekonomie het, en waarom hulle dit steeds het. Ware ekonomiese insluiting vereis strukturele verandering, nie oppervlakkige aanpassings nie. Dit verg ’n verskuiwing in waardes na die erkenning dat klein besigheid nie ’n liefdadigheidsaak of ’n rugsteunplan vir werkloosheid is nie. Dit is ’n sentrale pilaar van innovasie, waardigheid en gemeenskapstabiliteit.

Swart Ekonomiese Bemagtiging, in sy oorspronklike vorm, was ’n dapper poging om die wanbalanse van die verlede reg te stel. Maar die gees daarvan is verwater. Dit word nou dikwels misbruik as ’n politieke gesprekspunt of gereduseer tot burokratiese nakoming en klagtes van omgekeerde diskriminasie. Die probleem lê egter nie by die instrument self nie; dit lê in hoe ons gekies het om dit toe te pas. Wanneer transformasie uitgebuit word,

frontvorming geduld word, en ware toegang tot geleenthede beperk bly, moet ons erken dat die praktyk ver van die beginsel af weggegedryf het.

’n Deel van hierdie mislukking strek terug na die vroeë dae van ons demokrasie. In die politieke onderhandelings van die 1990’s het Suid-Afrika die stemreg verseker, maar ’n betekenisvolle hefboom oor die ekonomie prysgegee. Ekonomiese mag, eienaarskap, kapitaal en institusionele beheer het grootliks onaangeraak gebly. Terwyl die Grondwet regte verskans het, het die struktuur van die ekonomie gevorm gebly deur gevestigde belange. Wat gevolg het, was ’n demokratiese staat met die taak van herverdelende geregtigheid, maar met min instrumente om diepgewortelde ongelykheid te herstruktureer.

Die resultaat is ’n transformasie-agenda wat binne die beperkings van ’n oorgeërfde stelsel funksioneer. Ons het die ekonomie gevra om dié wat uitgesluit is in te sluit, sonder om te herkonfigureer wie die sleutels hou. Dit was in werklikheid ’n vryheid met beperkings, politieke verteenwoordiging sonder ekonomiese rekonstruksie.

Ewe gevaarlik is die voortdurende verspreiding van die mite dat ekonomiese vryheid onafhanklik van sosiale en politieke vryheid kan bestaan. ’n Mark wat vry is vir sommige en geslote vir ander is glad nie ’n vrye mark nie, dit is ’n vooraf gemanipuleerde spel. Groei wat die minderheid verryk terwyl dit die meerderheid uitsluit, is nie ontwikkeling nie; dit is stagnasie vermom as sukses.

Suid-Afrika het geen tekort aan entrepreneurstalent nie. Wat dit kortkom, is ’n ekosisteem wat dit erken en beloon. Totdat kleinbesighede in korporatiewe waardekettings ingebou word, totdat staatsinstellings verantwoordelik gehou word vir tydige betalings, totdat finansiële stelsels potensiaal eerder as waar jy vandaan kom begin assesseer, sal ons steeds nie aan ons nasionale potensiaal voldoen nie.

KMMO-dag behoort nie ’n rituele kopknik aan entrepreneurs te wees nie. Dit behoort ’n afrekening te wees. ’n Oomblik om te vra nie wat meer klein besighede vir die ekonomie kan doen nie, maar wat die ekonomie bereid is om vir hulle te doen. Lof beteken niks sonder mag nie. Erkenning beteken niks sonder hervorming nie.

Klein besighede vra nie vir aalmoese nie. Hulle vra vir regverdigheid. Hulle vra vir ’n sitplek aan die tafel wat hulle help bou. En as ons ernstig is oor ’n toekoms wat inklusief, stabiel en regverdig is, dan is dit tyd vir sowel die regering as groot besighede om daardie oproep met aksie te beantwoord.

***Dr Armand Bam is Hoof van Sosiale Impak by die Stellenbosch Bestuurskool aan die Universiteit Stellenbosch.**